# DIE SKIETLOOD

184ste Uitgawe 13 November 2020
saam met Koersvas 184

## Die Dordtse Leerreëls

**Eerste hoof leerstuk; aangaande die Goddelike predestinasie**

**Teks*:*** Artikel 15*. Verder toon die heilige Skrif hierdie ewige en onverdiende genade van ons uitverkiesing baie duidelik aan en verkondig dit nadruklik aan ons. Dit getuig bowendien dat nie alle mense uitverkies is nie, maar dat sommige nie uitverkies is nie of in die ewige uitverkiesing van God verbygegaan is. God het besluit om hulle, na sy volkome vrye, regverdige, onberispelike en onveranderlike welbehae, in die gemeenskaplike ellende te laat bly. Daarin het hulle hulleself deur hulle eie skuld gestort. God het immers besluit om nie aan hulle die saligmakend~ geloof én die genade van die bekering te gee nie. Om sy geregtigheid te openbaar, het God besluit om hierdie mense aan hulleself oor te laat, hulle onder sy regverdige oordeel te laat bly en om hulle nie alleen oor hulle ongeloof nie, maar ook oor al hulle ander sondes te veroordeel en ewig te straf. Dit is die besluit van die verwerping, wat God hoegenaamd nie tot bewerker van die sonde maak nie, want dit sou 'n godslasterlike gedagte wees. Inteendeel, dit sê juis dat God 'n gedugte, onberispelike en regverdige Regter is wat die sonde straf.*

**Kommentaar:**
Definisies en opskrifte is belangrik. Die Engelse woord wat gebruik word om hierdie deel van die lering te definieer, is "*reprobation*". Die Afrikaanse woord wat soms gebruik word, is "verwerping". Die probleem met "verwerping" is dat dit nie werklik die inhoud van hierdie artikel opsom nie. Ons lees die woord en dan begin mense uitvaar teen al wat 'n Christen is, en natuurlik God. Al is jou arms te kort om met die Here te baklei, keer dit nie mense van onkundige voortvarendheid nie. Hierdie artikel verkeerd verstaan, dra ook by tot die dubbele uitverkiesingsleer. Dit is derhalwe gerade om die gedeelte sorgvuldig uit te pluis teen die agtergrond van ons eie gedagtes en taalpatrone.
Dit is belangrik om in die eerste sin verskillende beklemtonings raak te sien. Die Heilige Skrif - die Bybel - leer ons baie duidelik en nadruklik dat ons ewige en onverdiende genade ontvang. Genade beteken dat die mens geen verdienste het nie. Genade kan omskryf word as 'n geskenk "ten spyte van". In hierdie geval is dit ten spyte van ons sonde en sondigheid. Die "onverdiende" beklemtoon hierdie "ten spyte van". Enige mens wat vir selfs 'n oomblik in eie waan dink dat daar iewers 'n eie prestasie of motivering is, fouteer. Die keuse van die woord "ewige" val op en kan verwarring skep. Die agtergrond tot die woord "ewig" hier gebruik, is die feit dat God totaal onafhanklik van die mens optree. Die woord wil met ander woorde aandui dat God se optrede nie deur tyd en verganklikheid bepaal word nie. Die genade wat gegee word, is 'n genade wat buite tyd deel van God se gawes aan die mens is. God se genade is nie

in die lewe geroep deur die sondeval nie, God was nog altyd genadig, God is buite tyd genadig. Die Bybel leer ons dat God genadig is en uit hierdie genade handel. Met 'n leerstuk soos hierdie, is dit belangrik om binne die grense van die Skrif te bly beweeg. Dit is dwaasheid om buite die Skrif om te spekuleer en dien nie diegene wat in vrees en vertwyfeling te midde van eie sonde aan die genade begin twyfel nie. Mense kan ook in eie waan begin neerkyk op ongeredde mense. Eerstens weet net God wie gered is en tweedens vertel redding iets van God en nie iets van die mense nie. God wil dat mense gered sal word soos blyk uit Esegiël 33:11 “*Sê vir hulle: So seker as Ek leef, sê die Here my God, Ek wil nie hê die sondaar moet deur sy sonde sterf nie, Ek wil hê hy moet van sy optrede afsien en lewe. Bekeer julle, bekeer julle van julle bose optrede! Waarom wil julle sterf, Israel?"*

Die Bybel leer ons ook dat God se genade nie goedkoop of algemene genade is nie. Daar is mense by wie God verby beweeg sonder om Sy genadige hand op hulle te plaas. In Sy komplekse handeling met mense is daar diegene wat nie die genade ontvang nie. Dit beteken nie dat hierdie mense deur God uitgesonder word nie; inteendeel, dit beteken dat God met mense handel volgens hulle meriete - eintlik gebrek daaraan.

God het besluit om die mense in hulle gemeenskaplike ellende te laat bly. Hierdie stelling teken die mens in sy totale verlore bestaan. Ons is vasgevang in die gemeenskaplike ellende van sonde en dood. Dit is ook nie asof hierdie sonde, ellende en dood op ons af forseer is nie: die mens het homself in hierdie toestand gedompel en neig altyd weer terug na die ellendige bestaan van sonde. God se besluit is God se besluit. Die motivering vir hierdie besluit vind ons in die volkome vrye, regverdige, onberispelike en onveranderlike welbehae. God se besluite spreek van 'n volkome vryheid wat totaal regverdig is en absoluut onberispelik is. Dit is met ander woorde sonder vlek of rimpel, sonder foutlyn of gebrek. In hierdie genade is God ook onveranderlik in Sy welbehae; Hy verander nie gedurig van plan nie, Sy besluit is Sy besluit en dit staan vas. God het besluit om genadig te wees.

Die besluit aangaande God se genade berus by - God. God het die keuse om hierdie genade te gee aan wie Hy wil. Geen mens is geregtig daarop dat hy aan God kan voorskryf oor die genade wat aan mense gegee word nie.

Die besluit om genade aan sekere mense te gee, kan deur kwaadwilliges as die verwerping van ander beskryf word en kan maak dat die mense die sonde en ellende in hierdie wêreld aan God toeskryf. Dit is natuurlik laster om die sonde voor God se deur te gaan lê. Dit sal nie die eerste keer wees wat die mens dit doen nie. Adam het dit probeer doen met die woorde "*die vrou wat U aan my gegee het*". God is nie die outeur van die sonde nie, God is nie eens die een wat die mens op die pad van versoeking en sonde bring nie; Jakobus 1:13-15 " *Iemand wat in versoeking kom, moet nooit sê: “Ek word deur God versoek” nie; want God kan nie verlei word nie, en self verlei Hy niemand nie. Maar 'n mens word verlei deur sy eie begeertes wat hom aanlok en saamsleep. Daarna, as die begeertes*

*bevrug geraak het, bring dit die sonde voort; en as die sonde ryp geword het, loop dit uit op die dood*".

God bly die regverdige regter wat konsekwent die sonde verwerp. God se beskouing van die sonde gaan nie verander nie en God gaan die sonde bly veroordeel. In Jesus bring God die genade wat maak dat gelowiges wel mag lewe voor God.

Teen hierdie agtergrond moet ons die betiteling van Artikel 15 vir heroorweging ondersoek in taal wat tot die 21e eeu hart spreek. Dit is duidelik dat hierdie artikel nie wil verwys na mense wat uitverkies is om verwerp te word nie. Die kontras tussen God se genade en God se geregtigheid toon dat ons moet verstaan dat nie alle mense die genade ontvang nie. Die teenpool van verkiesing is nie verwerping nie. Hierdie valse teenstelling het baie mense al moedeloos gelaat. Die alternatief tot uitverkiesing is gewoon die regverdige laat van die persoon in die toestand waarin die persoon is, wat uit eie toedoen so is. Diegene wat genade ontvang, beweeg aan en sien met verlange uit na die wederkoms. Diegene wat in die sonde en ellende van die dood bly, is eintlik die <u>agtergeblewenes</u>. Hulle bly buite die heerlikheid van die saligheid. Ons as gelowiges moet hulle jammer kry en tot God bid om hulle uit hulle agtergeblewe status te ruk.

**Teks*:*** *<u>Artikel 16</u>. Hulle wat die lewende geloof in Christus, die vaste vertroue, die gewetensrus, die beoefening van kinderlike gehoorsaamheid en die roem in God deur Christus nog nie ten volle ervaar nie - ofskoon hulle die middele gebruik waardeur God hulle beloof, het om hierdie dinge in ons te bewerk - moet nie mismoedig word wanneer hulle van die verwerping hoor nie. Hulle moet hulleself ook nie onder die verworpenes reken nie, maar ywerig voortgaan om die middele te gebruik, vurig verlang na die tyd van oorvloediger genade en dit ook met eerbied en ootmoed verwag. Hulle wat ernstig begeer om hulle tot God te bekeer, om Hom alleen gehoorsaam te wees en van die liggaam van die dood verlos te word, maar op die pad van die vroomheid en die geloof nog nie so ver gekom het as wat hulle wel wou nie, behoort nog minder die leer van die verwerping te vrees. Die barmhartige God het immers beloof dat Hy die dowwe lamppit nie sal uitblus en die geknakte riet nie sal verbreek nie. Maar hierdie leer is tereg verskriklik vir almal wat God en die Verlosser, Jesus Christus, verag en hulleself geheel en al aan wêreldse sorge en sondige begeertes oorgegee het. Dit sal so bly solank hulle hulle nie met erns tot God bekeer nie.*

**Kommentaar:**

Artikel 16 bespreek nou die menslike reaksie van Christene op die leer oor die agtergeblewenes. Die gelowiges moet nie deur die gedagtes aangaande die agtergeblewenes ontmoedig word nie. Dit is veral diegene wat nuut tot die geloof is, of onseker is in hulle geloof, wat hierdie leerstuk kan verstaan as verwerping en dan in angs en bewing kan lewe. Gelowiges moet nie aan hulself dink as deur God verworpe nie, maar eerder hulself toespits op die positiewe van die Evangelie en die middele gebruik wat God geskenk het. Gelowiges moet met ander woorde

eredienste bly bywoon, gereeld deelneem aan die Nagmaal, hulle kinders laat doop, gereeld die Bybel lees en bid; in kort alles doen wat mense in die geloof vestig en versterk. Daarmee saam moet die wankelende gelowiges se ingesteldheid positief gerig op die toekoms wees. Gelowiges moet verlang en uitsien na die wederkoms.
Gelowiges wat nie veel gevorder het op die geloofspad nie, moet nie in vertwyfeling verlam bly staan nie. Geloofsywer moet elke gelowige se doen en late kenmerk, selfs al is die vroomheid van die gelowige nie werklik iets om oor te roem nie. Swakheid in die geloof is nie 'n struikelblok of 'n muur tussen gelowige en God nie. God is die barmhartige en genadige Een wat die brose mens nie sal vernietig nie. Matteus 12:20 " *'n Riet wat geknak is, sal Hy nie afbreek nie en 'n lamppit wat rook, nie uitdoof nie; Hy sal die wil van God laat seëvier".* Die fout wat hierdie mense wat twyfel maak, is om op hul eie menslikheid en prestasies te fokus. Daarmee saam kom ook 'n goeie dosis eiewaan - mense wat dink dat hulle sonde so groot is dat nie eens God dit kan uitvee of vergewe nie. Dit is 'n houding wat God se liefde en genade gering ag en die eie krag oorskat. Dit is die arme mense wat lewe in die vrees dat hulle so verkeerd opgetree het dat nie eens God hulle kan vergewe nie. Heiligmaking lyk dan na 'n onmoontlike opdrag. Die dwaasheid van steun op goeie werke blyk ook uit Galasiërs 5:4 " *Julle wat van julle sonde vrygespreek wil word deur die wet te onderhou, julle het julle band met Christus verbreek, julle het die genade van God verbeur.*"
Buiten hierdie twee groepe - diegene wat in onsekerheid nuut is in die geloof, en diegene wat nie veel op die pad van vroomheid gevorder het nie - is daar die groep mense wat die leer oor die agtergeblewenes as verskoning gebruik om hulself oor te gee aan die luste en driwwe van hierdie lewe. Dit is die mense wat God en Sy genade verag. 1 Johannes 2:19 sê van hulle: " *Hulle het wel uit ons geledere voortgekom, maar niemand van hulle was ooit werklik een van ons nie, want as hulle werklik van ons was, sou hulle by ons gebly het. Dit moes duidelik word dat geeneen van hulle werklik een van ons is nie".* Hulle was met ander woorde nooit werklik mense wat in hulle harte gelowiges was nie.
Hierdie mense wat in die geloof gelewe het en toe verdwaal het, se situasie is hopeloos. Gelowiges wat speel met die gedagte van ongeloof moet kennis neem van die ernstige waarskuwing verwoord in Hebreërs 6:4-6: " *Wanneer mense een keer deur God verlig is, die hemelse gawe ontvang en deel gekry het aan die Heilige Gees, die goeie woord van God leer ken het en die kragte van die toekomstige wêreld ondervind het en dan nogtans afvallig geword het, is dit onmoontlik om hulle weer tot bekering te bring. In hulleself kruisig hulle immers weer die Seun van God en maak hulle Hom in die openbaar tot 'n bespotting*".
*Volgende uitgawe Artikel 17 en 18*